# Lesing 1 - 14.12.2017 - Die Eenheid - 11 Desember 2017

## Hoofstuk 11

O, wat ‘n Heerlikheid en Vreugde wanneer Ons verenig, nie net lig EK Jou op na MY Koninkryk van Vrede nie, maar EK versterk Jou innerlike tuin en gee vir Jou nuwe boustene waarmee Jy voort kan bou in Liefde!

Dan ontstaan daar nuwe dinge in Jou siel wat nie vroeër daar was of kon gewees het nie omdat Jy nog nie daardie substansies in Jouself gehad het om mee te bou nie. Dit verryk letterlik Jou innerlike met nuwe dinge en net soos die Aardse, vleeslike son Jou beskyn en voed, so voed EK Jou waarlik van binne af sodat Jy kan groei en MY werk verrig. EK IS Die Ewige Landbouer ín Jou! En EK plant en saai vir die toekoms.

Net soos wat ‘n landbouer vir die toekoms plant op Aarde, so beplan EK solank vooruit en rig Jou toekoms. Duisende siele kom in die hiernamaals aan sonder’ n stukkie kos vir hulle siele en geen draad klere nie. Hulle het Julle nodig om hulle te voed en te klee. Julle wat MY liefhet is die Rykstes van die rykes en Julle het alreeds genoeg in Julle om ander siele te help. Gee Jou hand vir MY. Kyk, EK plant MY Koring in Jou handpalm. Maak Jou hand weer toe en oop – Kyk MY Brood lê in jou handpalm!

So help EK Julle om My Woord in Voedsel om te sit vir Jou naaste wat honger ly en pyn het. EK wil hê Julle moet oorloop van melk en heuning. Dit moet uit Julle hande uit drup sodat Julle letterlik self geen broodgebrek ly nie. Wanneer die nag kom, of die storms, moet Julle kan oorleef omdat Julle Self genoeg het, dan is die nag geen bedreiging nie maar ‘n geleentheid om Jou naaste te help en met Jou oorvloed te oorlaai!

Laat Julle rustige waters styg en hoog oprys in My Vreugde en EK sal ook Julle waters vermeerder. EN dit is iets wat Julle baie nodig sal hê in die toekoms – vars water. Kan Julle onthou hoe EK die waters wat eers bitter was omdat MY volk se Hart verbitterd was weer soet gemaak het? Dit doen EK vir elkeen wie vandag ‘n bitter smaak in sy Hart het. Kom neem van MY MY Heuningsoet water sodat Jou Hart se water weer gesond kan word. Kom suig aan MY vingerpunt wat drup van soetigheid. Kom verlustig Jou in MY Heerlikheid wat alle donker wolke weg waai. My Suiwer Liefde is met Julle. My Suiwer Hart maak alle bitter Harte weer Soet en Lewendig. En die water wat dan uit Jou Hart uitvloei sal niemand skade aandoen nie, maar die teendeel doen – dit sal ander tot Lewe wek en hulle seën, dit sal hulle lewens versoet omdat dit Een geword het met My stroopsoet Lewende Water. Wanneer Jy MY lief het, drink Jy MY water. Wanneer Jy MY bedink, neem Jy ‘n sluk van MY en Jy word al hoe soeter en MY Hart juig omdat EK siele sien wat nie meer bitter is nie.

Bedink MY Manlike en Vroulike aspek sodat JY baie voordeel kan trek uit MY gesamentlike Krag en so baie vinniger kan groei en gedy en Jy in MY Rus in kan gaan want na die ses skeppingsdae het EK gerus. En as Jy voltooid is in Jou binneste sal EK na Jou kyk en sien dat Jy goed is en EK sal sê “ Dit is volbring!” in Jou en nooit weer sal Jy val nie. Jy sal die volmaakte Adam en Eva wees.

Amen!

**<u>DIE LIED VAN JONG SUID-AFRIKA</u>**

**En hoor jy die magtige dreuning?**
**Oor die veld kom dit wyd gesweef:**
**die lied van 'n volk se ontwaking**
**wat harte laat sidder en beef.**
**Van Kaapland tot bo in die Noorde**
**rys dawerend luid die akkoorde:**
**Dit is die lied van Jong Suid-Afrika,**
**Dit is die lied van Jong Suid-Afrika,**
**Dit is die lied van Jong Suid-Afrika.**

**Die klop van Voortrekkerwawiel**
**het die eeue se rus verstoor;**
**die klank van die voorlaaierskote**
**het klowe en kranse gehoor.**
**Die diere het stil staan en luister,**
**die bome het bewend gefluister:**
**dit is die koms van Jong Suid-Afrika,**
**dit is die koms van Jong Suid-Afrika.**
**dit is die koms van Jong Suid-Afrika.**

# Lesing 2 - 18.12.2017 - Die Eenheid - 11 Desember 2017

## Hoofstuk 12

Sonhelder sal EK na Jou kom om Jou op te neem in MY Lig en Liefde. Alles sal Jou deelagtig word op die regte oomblik. As Jy MY Ryk bo alles soek, sál Jy vind. Jy sál verhelder word en alles sal op een slag aan Jou bekend gemaak word. Meteens sal alles vir Jou verstaanbaar wees want EK werk oombliklik. Soos vir MY Moses van ouds sal dinge ook aan Julle geopenbaar word! Toe Moses die berg Sinai opgegaan het om met MY te kommunikeer, was hy heeltemal verander in 'n nuwe mens deur die aanraking van MY GEES en hy het nooit weer teruggekyk nie! Baie onverklaarbare, onbeskryflike dinge het plaasgevind toe hy alleen by MY op die Berg was en voordat EK aan Hom die kliptafels oorhandig het, het EK met MY vinger, MY gebooie op Sy Hart geskryf wat hy vir Ewig onthou het. Eenheid het tussen MY en Hom plaasgevind en Sy bloed het verander. Sy lewensbloed het MY Lig opgeneem en as iemand in daardie tyd 'n mikroskoop sou besit het, sou merkbare verskille in sy bloed sigbaar gewees het nadat Hy van die berg af gekom het. Dit is waarom Lucifer om sy liggaam geveg het en hy wou hierdie Edele man se bloed uitsuig want dit sou hom baie krag gegee het. In vandag se tye, Julle moderne tyd, lewe baie mense wat met Lucifer verenig het en wat bloed drink. Hulle verlang die suiwer bloed van kinders omdat daar groot krag en jeugdigheid in die bloed van klein kinders is. Hulle sou 'n slagting onder die mens en dier bewerkstellig het as MY Engel nie die boosheid in toom sou hou nie. Bloed is suiwer of onsuiwer – dit beteken dat MY Gees in 'n meerdere of mindere hoeveelheid teenwoordig is. As Lucifer kon, sou hy al MY kinders kom uitsuig het. Hy sou Julle lewendig verslind het en nou in hierdie tyd is daar sekere poorte vanuit die hel oopgemaak wat derduisende van die slegste geeste laat uitkom het en hulle is bloeddorstig! Kyk maar net om Julle hoe baie die wreedaards bloed stort. Moorde is orals en elke dag aan't gebeur. Dit is dirék die uitvloeisel van hierdie helse mag wat vanuit die dieptes besig is om op te kom na bowe. Dit is ook die teken dat die Aarde se tyd tot 'n einde gekom het omdat die sif nou baie hard geskud word, net so voordat die kaf verbrand sal word. Enige storting van bloed is vir Lucifer aanneemlik en hy hits gedurig mense aan om moord te pleeg. Suiwer bloed is al gestort, maar tot sy bitter nadeel word elke druppeltjie suiwer bloed deur MÝ opgevang en nuwe Skepsele kom tevoorskyn uit MY hande, wat weer in weerwraak na hom terugkeer en hom so pynig dat hy nie kan asemhaal nie, omdat hulle geregverdig is daarin deur MY! Daarom vang slim sy baas in hierdie geval en is die pyn wat hy ontvang vir sy moordlus, baie erger as dit wat hy veroorsaak het by die arme mens wie hy laat uitbloei het. Omdat MY GEES die ware suiwer bloed vergesel sal dit dieselfde effek hê as toe EK Self die hel binnegetree het en die siele daar uitgehaal het. Die siele van suiwer mense wat wreed sterf het 'n baie groot effek op die hele hel en die hele hel word in nog groter ongeluk gedompel as wat hy was voor die tyd. Daarom moet Julle nie ontstig wees as suiwer onskuldiges aan die hand van Lucifer sterf nie, omdat hy homself net daardeur skaad, maar die regverdige sal aanhou Lewe en die Heerlike Lig sal uit sy bloed skyn en Lucifer sal vlug om hierdie Lig te ontsnap maar sal dit nie regkry nie. En elke keer word hy gepynig, maar leer nie sy les nie. O, wees dus maar nie bang vir die vampiere nie, hulle kan nie Julle Lewens vat nie, hulle kan net hule eie verloor.

Amen